Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

## VOORSORGMAATREËLS

### **VOORSORG VERKLARINGS:**

Vermyn inaseming van spuitnewel of walms.  
Dra beskermende handskoene/beskermende klere/oogbeskerming/gesigskerm.  
Versamel verspilde produk.  
Raak ontslae van houer en/of inhoud in ooreenstemming met toepaslike regulasies.

Vermyn aanraking met die vel en oë. Dra rubberhandskoene, gesigmasker en beskermingsklere wanneer konsentreer hanteer word.  
Was besoedelde klere na gebruik.  
Was met seep en water na gebruik.  
Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.  
Vermyn spuitnewelwegdrywing na ander gewasse, weivelde, riviere, damme en plekke wat nie behandel moet word nie.

Maak alle meng- en toedieningsapparaat deeglik skoon na gebruik en voordat dit met ander produkte gebruik word (sien Skoonmaakinstruksies).

Spoel die leë houer drie keer uit met 'n volume skoon water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuitenk. Vernietig die leë houer op 'n veilige manier en moet dit vir geen ander doel hergebruik nie.

Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

### **RELEVANTE STOWWE:**

<b>KOMPONENT</b>	<b>CAS No.</b>	<b>Konsentraat</b>
Acetochlor	34256-82-1	41.72
Furilazole	121776-33-8	0.98

### **SIMPTOME VAN MENSLIKE BLOOTSTELLING**

Mag matige oogirritasie tot gevolg hê.

Langdurige of herhaaldelike kontak mag gematigde velirritasie met lokale rooiheid veroorsaak in sommige individue.

### **NOODHULPBEHANDELING:**

Indien pasiënt bewusteloos is of stuiptrekkings het, moet geen vloeistowwe gee of braking teweegbring nie.

#### **Inname:**

Geen noodhulp mediese behandeling nodig nie.

#### **Oogkontak:**

Hou oë oop en spoel deeglik met skoon water vir 15-20 minute. Verwyder kontaklense, indien teenwoordig, na aanvanklik 5 minute en hou aan spoel. Indien nagevolge voorkom, moet 'n geneesheer geraadpleeg word, verkieslik 'n oogarts.

#### **Velkontak:**

Verwyder besoedelde klere. Spoel vel dadelik met seep en genoegsame water. Was besoedelde klere voor hergebruik.

#### **Inaseming:**

Verwyder pasiënt dadelik na vars lug. Raadpleeg 'n geneesheer.

### **NOTA AAN GENEESHEER:**

Daar is geen spesifieke teenmiddel nie. Ondersteunende sorg. Behandeling gebaseer op oordeel van dokter in reaksie op simptome van pasiënt.

### **WEERSTANDVOORKOMING EN BESTUUR**

**SURESTART**<sup>®</sup> is 'n samestelling van 'n sistemiese ouksien-tipe onkruiddoder (Groep O), 'n selverdelingsinhibeerder (Groep K<sub>3</sub>) en 'n onkruiddoder wat die ALS (**A**ceto**L**actate **S**ynthase) ensiem inhibering as metode van werking het (Groep B). Die produk onderbreek normale plantegroei en/of inhibeer die produksie van die ensiem wat noodsaaklik is vir die produksie van sekere aminosure vir normale plantegroei.

Weens natuurlike genetiese variasie in enige onkruidpopulasie, kan daar sommige onkruid-biotipes wat in die natuur voorkom, weerstandbiedendheid toon teen **SURESTART**<sup>®</sup> of ander ouksien-tipe onkruiddoders, selverdelingsinhibeerders asook ander onkruiddoders wat die ALS ensiem inhibeer. Indien onkruiddoders met dieselfde werkingswyse herhaaldelik gebruik word, kan hierdie weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie domineer. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal nie deur **SURESTART**<sup>®</sup> of ander ouksien-tipe onkruiddoders, selverdelings- of ALS inhibeerders beheer word nie.

## OM SELEKSIE VAN WEERSTANDBIEDENDE ONKRUIDE TE VERMINDER:

- ❖ Implementeer bewerkingspraktyke, wisselbou, meganiese of chemiese beheer metodes (insluitende die gebruik van nie-selektiewe onkruidodders) waar prakties moontlik.
- ❖ Vermyn die herhaalde gebruik van onkruidodders met dieselfde metode van werking. Beplan gewasrotasie sodat onkruidodders met verskillende metodes van werking gebruik word.
- ❖ Hou rekord van onkruidoddergebruik van elke land.
- ❖ Voorkom die verspreiding van weerstandbiedende saad asook vegetatiewe palntmateriaal na ander lande deur gereelde skoonmaak van stropers en ploë en plant van onkruidvrye saad.
- ❖ Met beweiding, begin by lande met die minste onkruidweerstand voor beweging na lande met hoë weerstand om verspreiding van saad deur diere te verhoed.
- ❖ Onderzoek alle lande jaarliks om moontlike weerstand vroegtydig uit te ken.

Kontak u plaaslike Corteva Agriscience verteenwoordiger vir verdere advies rakende die voorkoming van onkruidodder weerstandbiedendheid.

Indien bostaande maatreëls nie noudeset nagekom word nie, kan Corteva Agriscience geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige verlies wat mag ontstaan indien **SURESTART®** nie weerstandbiedende onkruid beheer nie.

## GEBRUIKSBEPERKINGS

- Moet nie **SURESTART®** op mielies gebruik in kombinasie saam met organofosfaat insekdodders soos bv. in 'n tenkmengsel saam met organofosfaat insekdodders of waar 'n organofosfaat insekdoder op die grond toegedien was met plant of waar die gewassaad met 'n organofosfaat insekdoder behandel is of waar 'n organofosfaat insekdoder alreeds toegedien is met na-opkoms van die mieliegewas nie.
- Moet nie **SURESTART®** toedien op mielies wat onder stremming verkeer a.g.v. strawwe weerstoestande (koue weer, swaar reën of ysige temperature), droogte, versuipptoestande, nutriënt tekort, siekte, insekskade of onkruidodder oordraging nie.
- Moenie **SURESTART®** tenkmengsels toedien op ingeteelde ouerplante van gewaskultivars, asook proef of nuutvrygestelde kultivars/variëteite sonder om eers die vervaardiger, verspreider of saadmaatskappy in hierdie verband te raadpleeg nie.
- Dien die produk streng volgens die gebruiksaanwysings toe.
- Moet nie enige waterbronne besoedel nie bv. damme, riviere, boorgate, ens.
- **SURESTART®** mag slegs **EEN** keer per seisoen toegedien word.
- Moet nie as 'n lugbespuiting gebruik nie.
- Moet nie **SURESTART®** deur enige tipe besproeiingsstelsel toedien nie.
- Moenie **SURESTART®** deur vloedbesproeiing toedien of inkorporeer nie, behalwe moontlike gewasskade, mag die mate van onkruidbeheer ook verlaag word.
- Moenie **SURESTART®** toedien op droë grond na plant en dan oorhoofse besproeiing gebruik nie.
- Moet **SURESTART®** glad nie op lande gebruik waar die gewasrotasiebeperkings op die etikette van enige voorafgaande onkruidodders (bv. triasienes en sulfonielureums) wat voorheen op dieselfde lande gebruik is nie, nie ten volle nagekom is nie,.
- Moenie **SURESTART®** voor-opkoms toedien op gewasse op gronde met 'n pH (H<sub>2</sub>O) van 7.0 of hoër nie, omrede 'n geassosieerde hoër biotoeganklikheid van onkruidodder die moontlikheid van gewasskade mag verhoog. Hou ook hierdie pH beperking in gedagte wanneer daar beplan word om grond pH te verhoog met bekalking op lande waar die gebruik van **SURESTART®** ook beplan word.

Toestande soos hieronder gelys mag gewasskade deur **SURESTART®** en/of onvoldoende onkruidbeheer veroorsaak:

- Swak gedreineerde gronde of gronde met 'n verdigte laag. Versuiptoestande in die teenwoordigheid van onkruidodders sal tot verminderde stand en/of vertraagde groei lei wat oesverlies tot gevolg mag hê.
- Gronde met 'n pH (H<sub>2</sub>O) van 7 en meer.
- Gronde met 'n pH (H<sub>2</sub>O) van laer as 5 en/of organiese materiaal inhoud van hoër as 3 % mag moontlike swak onkruidbeheer teweeg bring.
- Toestande van baie reën en/of besproeiing op sanderige of gruiserige gronde.
- Uitgerekte of abnormale koue en/of nat toestande.
- Plante onder stres as gevolg van faktore soos swak gewasvoeding, aalwurm infestaties, siektes, droogtes ens.
- Moenie **SURESTART®** op saadmilies, springmilies en ander eksotiese kultivars gebruik nie.

Wanneer tenkmengsels saam met Mamba® DMA 480 SL gemaak word, moet die waarskuwings, voorsorgmaatreëls, gebruiksbepenkings en gebruiksaanwysings soos vermeld op die Mamba® DMA 480 SL etiket, sorgvuldig nagekom word.

## MINIMUM WAGPERIODES EN WISSELBOU-AANWYSINGS

Die minimum wagperiode dui op die tydsverloop vanaf die laaste toediening van **SURESTART®** tot die verwagte tyd van aanplanting van 'n opvolggewas. Die intervalle hieronder gespesifiseer, sal slegs geldig wees indien gunstige grondvog- en temperatuurtoestande, wat versnelde afbraak van **SURESTART®** deur mikrobiële aktiwiteit bevorder, sou heers. Abnormale droë en/of koue toestande mag stadiger afbraak teweegbring.

Deeglike oorweging moet gegee word aan wisselboubepanning alvorens **SURESTART®** gebruik word.

Om skade aan opvolggewasse te voorkom, moet die volgende wagperiodes in ag geneem word:

Opvolggewasse	Wagperiodes
Mielies	Geen
Koring	4 maande
Aartappels, droë bone, grondbone, sojabone, sonneblomme, sorghum	9 maande
Gars, hawer	12 maande

Om skade aan alle ander opvolggewasse te vermy, word 'n wagperiode van ten minste **24 maande** aanbeveel, voorafgegaan deur 'n toetsplanting. Toetsstrokke van die verlangde opvolggewas moet aangeplant word en tydens ontkieming en opkoms gekontroleer word vir enige abnormale groei om te bepaal of die opvolggewas suksesvol verbou kan word.

Bogenoemde wagperiodes geld slegs indien die korrekte hoeveelheid **SURESTART®** alleen of in kombinasie met Mamba® DMA 480 SL per grondsoort toegedien is op gronde met 'n pH (H<sub>2</sub>O) van minder as 7 en normale of bogemiddelde reënval gedurende die seisoen waarin die toediening gemaak is en daarna voorgekom het.



## SOMMIGE ONKRUIDE WAT NORMAALWEG DEUR SURESTART® BEHEER WORD:

### Voor-opkoms

#### **Breëblaaronkruid**

<i>Acanthospermum hispidum</i>	regop sterklits
<i>Amaranthus hybridus</i>	gewone misbredie
<i>Amaranthus spinosus</i>	doringmisbredie
<i>Bidens pilosa</i> **	gewone knapsekêrel
<i>Chenopodium album</i>	withondebossie
<i>Chenopodium carinatum</i>	groenhondebossie
<i>Cleome monophylla</i> **	Rusperbossie
<i>Commelina benghalensis</i> **	Bengaalse wandelende Jood
<i>Datura ferox</i>	groot stinkblaar
<i>Galinsoga parviflora</i>	knopkruid
<i>Gynandropsis gynandra</i>	snotterbelletjie
<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein
<i>Richardia brasiliensis</i> **	tropiese Richardia
<i>Schkuhria pinnata</i>	klein kakiebos
<i>Tagetes minuta</i> **	Kakiebos
<i>Tribulus terrestris</i>	Dubbeltjie

#### **Grasse**

<i>Brachiaria eruciformis</i>	litjiesinjaalgras
<i>Chloris virgata</i>	witpluim-Chloris
<i>Digitaria sanguinalis</i> **	kruisvingergras
<i>Echinochloa crus-galli</i>	hanepootmanna
<i>Eleusine coracana (indica)</i>	Jongosgras
<i>Panicum maximum</i>	gewone buffelsgras
<i>Panicum schinzii</i>	soetbuffelsgras
<i>Setaria pallide-fusca</i>	rooiborselgras
<i>Setaria verticillata</i>	klitsborselgras
<i>Tragus racemosus</i>	grootwortelsaadgras
<i>Urochloa panicoides</i>	beesgras

#### **Uintjies**

<i>Cyperus esculentus</i> **	Geel uintjie
------------------------------	--------------

\*\*Wisselvallige beheer kan verwag word.

Die beheer van bogenoemde onkruid mag nadelig beïnvloed word onder die volgende toestande:

- Swak voorbereide saadbed.
- Gronde met 'n pH (H<sub>2</sub>O) van minder as 5 en 'n organiese materiaal inhoud van meer as 3 %.
- Droë toestande direk na toediening of onvoldoende reënval op swaar gronde.
- Waar gronderosie voorkom as gevolg van oormatige reën of besproeiing of wind erosie, kan bydra tot swak onkruidbeheer.

## Vroeg na-opkoms met SURESTART® alleen (1-2 ware blaarstadium van onkruid)

### Breëblaaronkruid

<i>Amaranthus hybridus</i>	gewone misbredie
<i>Bidens pilosa</i> **	gewone knapsekêrel
<i>Boerhavia diffusa</i>	Boerhavia
<i>Cleome monophylla</i>	Rusperbossie
<i>Commelina benghalensis</i> **	Bengaalse wandelende Jood
<i>Cucumis myriocarpus</i>	wilde komkommer
<i>Datura ferox</i>	groot stinkblaar
<i>Emex australis</i> **#	Kaapse dubbeltjie
<i>Hibiscus cannabinus</i> **	Wildestokroos
<i>Portulaca oleraceae</i>	Porslein
<i>Tagetes minuta</i> **	Kakiebos
<i>Tribulus terrestris</i>	Dubbeltjie
<i>Xanthium strumarium</i> **	Kankerroos

\*\* Wisselvallige beheer kan verwag word.

# Groeistadium van *Emex* moet nie die 2 ware blaarstadium oorskry nie (1<sup>ste</sup> ware blare na die saadlob blare). Onkruid groter as gespesifiseer (of onkruid beïnvloed deur stres of beweiding voordat behandeling geskied), sal terug sterf, maar hergroei van die wortelkroon mag gebeur, met daaropvolgende blom- en saadproduksie.

### Vroeg na-opkoms tenkmengsel saam met Mamba® DMA 480 SL

Verwys na onkruid en dosisse soos gelys op die Mamba® DMA 480 SL etiket wanneer **SURESTART®** in 'n tenkmengsel saam met Mamba® DMA 480 SL gebruik word.

Graad van beheer verkry en die duurte van die effek hang af van die onkruidspesie, onkruidgrootte en groeitoestande gedurende en na die toediening.

### NOTA:

**SURESTART®** beheer sekere onkruidspesies soos gelys hierbo. Ander eenjarige grasse en breëblaaronkruid wat nie tydens die ontwikkelingsproewe voorgekom het nie, kan ook moontlik tot 'n sekere mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar egter geen aanspreeklikheid ten opsigte van ongelyste onkruid nie.

### GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.

#### ALGEMENE INLIGTING

**SURESTART®** is 'n sistemiese suspensie emulsie onkruiddoder vir die gebruik as 'n voor- of vroeg na-opkoms behandeling of as 'n vroeg na-opkoms toediening in 'n tenkmengsel saam met Mamba® DMA 480 SL vir die beheer van eenjarige breëblaaronkruid en sommige eenjarige grasse in mielies in die Somer reënval gebied.

**SURESTART®** moet met skoon water gemeng word en as 'n eenvormige, voor- of vroeg na-opkoms, breedwerpig grondbespuiting toegedien word.

**SURESTART®** as 'n vroeg na-opkoms toediening, moet altyd in 'n tenkmengsel saam met 'n nie-ioniese adjuvant soos Break-Thru® of Silwet L-77® gebruik word. Die adjuvant moet as die laaste bestanddeel tot die tenkmengsel bygevoeg word. In die geval van 'n tenkmengsel saam met Mamba® DMA 480 SL, word 'n adjuvant slegs benodig indien daar minder as 1.1 % Mamba® DMA 480 SL in die spuitmengsel is.

Om die maksimum vroeg na-opkomsbeheer van onkruid te verkry, dien **SURESTART®** toe saam met Mamba® DMA 480 SL op jong onkruid in die saailingstadium (verwys na Mamba® DMA 480 SL etiket vir aanbevelings). Onkruid moet aktief groei onder vogtige toestande. Onkruid wat onder droogtestremming verkeer, mag minder gevoelig wees.

**SURESTART®** in 'n tenkmengsel saam met Mamba® DMA 480 SL as 'n vroeg na-opkoms behandeling, mag slegs op mielies gespuit word wat die glifosaat verdraagsaamheidsgeen bevat. **Verwys altyd na die Mamba® DMA 480 SL etiket vir aanbevole dosisse en gewasstadiums.**

Enige individuele plante wat nie die glifosaat verdraagsaamheidsgeen bevat nie, sal vrek wanneer dit met glifosaat gebasseerde produkte bv. Mamba® DMA 480 SL, gespuit word. Uiterste voorsorg moet getref word om nie die tenkmengsel op nie-glifosaat verdraagsame mielies te spuit nie. Volg die etiket aanwysings vir die toediening van die tenkmengsel op glifosaat verdraagsame mielies soos beskryf op die Mamba® DMA 480 SL etiket.

## VERENIGBAARHEID

**SURESTART®** is verenigbaar met die volgende produkte in 'n tenkmengsel:

- Mamba® DMA 480 SL L 8388
- Silwet L-77® L 6145 Chemtura Chemical (Pty) Ltd
- Break-Thru® L 6764 Evonik Degussa Africa (Pty) Ltd

## VERWYS ALTYD NA DIE PRODUKETIKET.

NOTAS:

- (i) **WAAR EEN VAN DIE BOGENOEMDE PRODUKTE MET SURESTART® IN 'N TENKMENGSEL GEBRUIK WORD, MOET VOLLEDIGE INLIGTING VAN DIE BETROKKE ETIKET VERKRY EN NAGEVOLG WORD.**
- (ii) Die verenigbaarheid van **SURESTART®** in tenkmengsels met aanbevole produkte, kan beïnvloed word deur die formulering van hierdie produkte. Die kwaliteit van die water kan ook 'n effek hê op hierdie tenkmengsels. Aangesien die formulering van aanbevole produkte kan verander sonder die medewete van Corteva Agriscience RSA (Edms) Bpk en die kwaliteit van die water ook van plaas tot plaas kan varieer, moet 'n fisiese verenigbaarheidstoets altyd uitgevoer word voordat dit gespuit word. Corteva Agriscience RSA (Edms) Bpk aanvaar geen verantwoordelikheid vir gewas verdraagsaamheid van hierdie tenkmengsels waar die formulering van produkte verander het of vir mengsels met produkte wat nie hierbo genoem word nie.

Vir verdere inligting, raadpleeg u plaaslike verteenwoordiger.

## MENGINSTRUKSIES

**Alleen gebruik** – voeg die aanbevole hoeveelheid van **SURESTART®** tot die spuittenk wanneer die tenk halfvol is en voeg dan die res van die water by die tenk. Laat genoegsame tyd toe vir die deeglike dispersie/menging voor toediening.

**Tenkmengsel saam met Mamba® DMA 480 SL** – voeg die produkte tot die tenkmengsel in die volgende orde:

- Vul die spuittenk halfvol met skoon water. Begin met roering.
- Voeg ammonium sulfaat by teen die aanbevole dosis.
- Voeg die nodige hoeveelheid **SURESTART®** tot die spuittenk. Laat genoegsame tyd toe vir die deeglike dispersie/menging voordat enige ander produkte tot die spuittenk gevoeg word.
- Voeg die aanbevole hoeveelheid by van Mamba® DMA 480 SL.
- 'n Geregistreerde nie-ioniese benatter word dan laaste by die spuitmengsel gevoeg slegs indien daar minder as 1.1 % Mamba® DMA 480 SL in die mengsel is.
- Vul die tenk verder met water tot die verlangde volume bereik word. Die spuitmengsel moet tydens vermenging en toediening voortdurend deeglik in roering gehou word.
- Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en nie toegelaat word om in die spuittenk te staan nie aangesien die effektiwiteit mag afneem vanweë produkafbraak.
- Roer deeglik voor hergebruik as daar 'n onderbreking is tydens die toedieningsproses vir watter rede ookal.

## GRONDTOEDIENING

**SURESTART®** alleen of in tenkmengsels saam met Mamba® DMA 480 SL, kan toegedien word met enige medium- of hoëvolume spuittoerusting wat met 'n doeltreffende roermeganisme toegerus is en wat goeie bedekking en eweredige verspreiding verseker. Die beste resultate word verkry deur van platwaaierspuitpunte gebruik te maak en 'n minimum spuitvolume van 200 liter water per hektaar toe te dien.

Onkruid wat deur ander onkruid of die gewas afgeskerm word, mag onvolledig bedek word en tot wisselvallige beheer aanleiding gee. Dit moet deeglik in ag geneem word by die tydsberekening van **SURESTART®** toediening. Optimale beheer word verkry met voor- of vroeg na-opkoms (1-2 ware blaarstadium) behandeling van onkruid wanneer daar genoegsame grondvog is.

## Na-plant voor-opkoms

Wanneer in klam grond geplant word, moet **SURESTART® binne drie dae na plant** (maar verkieslik tydens plant) op 'n relatiewe fyn, egalige, ferm en vars voorbereide saadbed, vry van onkruid, oormatige plantreste en groot kluite, toegedien word. Die onkruiddoder-mengsel moet nie later as drie (3) dae toegedien word na die finale bewerking vir saadbedvoorbereiding. Afwyking van die voorafgenoemde saadbedtoestande en/of die voorgeskrewe toedieningstyd mag minder effektiewe onkruidbeheer tot gevolg hê. Om goeie resultate te verkry, is dit ook noodsaaklik dat die onkruiddodertoediening binne sewe (7) dae gevolg moet word deur 12-15 mm reën of besproeiing voordat die onkruid opkom. Indien reën nie betyds voorkom nie en die onkruid begin opkom en ontwikkel, moet 'n vlak grondbewerking uitgevoer word om hierdie onkruid te vernietig en die onkruiddoder met die boonste 10-20 mm grondlagie te vermeng. Bewerkingstoerusting wat verstel is om vlak te loop en om grondbeweging te minimaliseer, sal die waarskynlikheid van verdunning of verwydering van die onkruiddoder vanuit die onkruidbeheer sone, verminder. Die gebruik van 'n roltandeg in dieselfde rigting as die plantrye mag gewasopkoms bevorder indien grondkorsvorming 'n probleem is, weereens minimaliseer beweging van grond. Om moontlike gewasstremming as gevolg van onvoldoende voeding te vermy en om kragtige, aanvanklike gewassaailing groei te bevorder, sorg dat voldoende kunsmis tydens plant naby die saad geplaas word.

**Moet nie SURESTART®** toedien deur enige tipe besproeiing nie. Gebruik slegs oorhoofse besproeiing vir inwerking na toediening.

**SURESTART®** dosisse vir alleen gebruik of in 'n tenkmengsel saam met Mamba® DMA 480 SL:

<b>% Klei</b>	<b>SURESTART® (L/ha) vir algehele toedienings</b>
<b>11-20</b>	1.5 – 2.0
<b>21-30</b>	2.1 – 2.5
<b>31-40</b>	2.6 – 3.0

**NOTA:**

BYVOEGMIDDELS: Die aktiwiteit van **SURESTART®** word verhoog deur die gebruik van byvoegmiddels soos Break-Thru® of Silwet L-77®. Dit lewer meer konstante beheer van vatbare onkruid onder verskeie omgewingstoestande. Byvoegmiddels sal ook effektiwiteit teen onkruid wat matig vatbaar is, verbeter. Byvoegmiddels is veral voordelig onder droë toestande.

Vroeg na-opkoms toedienings van **SURESTART®** moet in tenkmengsel saam met 'n geskikte byvoegmiddel soos aangedui, gemeng word. Gebruik die aanbevole dosis soos op die spesifieke byvoegmiddel etiket aangedui word.

### **SLEGS glifosaatverdraagsame mielies (Verminderde bewerking saadbed).**

Wanneer **SURESTART®** saam met Mamba® DMA 480 SL in 'n tenkmengsel gebruik word, verwys altyd na Mamba® DMA 480 SL se etiket vir aanbevole dosisse per onkruidspesie.

In minimum- of geen-bewerkingstelsels, waar onkruid reeds opgekrom het en teenwoordig is teen die tyd van toediening, kan Mamba® DMA 480 SL in 'n tenkmengsel saam met **SURESTART®** gebruik word.

Let daarop dat 12-15 mm reën of besproeiing binne sewe (7) dae na toediening nodig is om die residuele grondwerking van **SURESTART®** te aktiveer op nuwe opkomende onkruid.

Onvoldoende onkruidbeheer van **SURESTART®** kan voorkom as die digtheid van plantreste op die grondoppervlak hoog is en/of as daar hoë onkruiddruk is. Dit sal die grondwerkende onkruidodders afskerm waar dit dan nie in kontak kom met die grond oppervlakte nie.

Die na-opkoms effek van Mamba® DMA 480 SL op kleiner onkruid kan ook verminder word indien hulle deur digte plantreste en/of groter onkruid van die spuitstof afgeskerm word.

Raadpleeg eers die verskaffer voor toediening in sulke situasies.

Reën binne ses ure na toediening van voorafgenoemde tenkmengsel kan die effektiwiteit van Mamba® DMA 480 SL verlaag. 'n Opvolgbespuiting van Mamba® DMA 480 SL sal benodig word vir onkruidbeheer.

## SLEGS GLIFOSAATVERDRAAGSAME MIELIES (Vroeg na-opkoms)

SURESTART® in 'n tenkmengsel saam met Mamba® DMA 480 SL.

GEWAS	MAMBA® DMA 480 SL DOSIS/ha	ONKRUIDSTADIUM	TOEDIENINGS- EN GEWASSTADIUMS EN BELANGRIKE NOTAS
Glifosaat- verdraagsame mielies	1.5 L/ha	Klein onkruide (minder as 100 mm hoog of tot by 8 blaarstadium)	Breedwerpig na-opkoms op mieliegewas vanaf opkoms tot by die V8 stadium (V8 stadium word bereik sodra die eerste plante 8 blare met blaarskedes volledig toegevou om die hoofstam het).
	1.8-2.2 L/ha	Onkruide vanaf 100–200 mm hoog of tot by die 12 blaarstadium	<p>Breedwerpige toediening van Mamba® DMA 480 SL op mielies na die V8 stadium mag opbrengsverlies tot gevolg hê.</p> <p>Sodra mielies verby die V8 stadium is, moet 'n gerigte toediening van Mamba® DMA 480 SL met valarms gedoen word. Dit is om spuitmengsel binne in die kelk en op die reprodktiewe dele te vermy, asook om optimum bedekking op onkruide te verseker.</p> <p>Moet nie Mamba® DMA 480 SL toedien, algeheel of gerig, as meganiese gewasskade voorkom of deur beweging van spuitapparaat veroorsaak sal word nie of indien haelskade voorkom.</p> <p>Indien opvolgbespuitings met Mamba® DMA 480 SL nodig is om onkruide te beheer wat wisselvallig beheer is (soos bv. <i>Cyperus esculentus</i>) of nuwe onkruide wat ontkiem het na die eerste bespuiting, dan moet ten minste 10 dae tussen die eerste en tweede bespuitings verloop.</p> <p>Enkele toedienings van Mamba® DMA 480 SL op die gewas moet nie 2.2 L/ha oorskry nie. Tot twee toedienings van 'n maksimum van 2.2 L/ha per toediening kan toegedien word, mits 'n maksimum kumulatiewe dosis van 4.4 L/ha in een gewas nie oorskry word nie.</p>

## **NOTAS:**

- Bostaande tenkmengsel sal residuele onkruidbeheer verskaf. Slegs een toediening van **SURESTART®** per gewas per seisoen mag toegedien word.
- Behalwe vir een tenkmengsel toediening, mag slegs een ander toediening van Mamba® DMA 480 SL alleen op 'n glifosaat verdraagsame mieligewas toegedien word, volgens bogenoemde tabel.
- Versuim om die toedieningsaanwysings aangaande gewasstadium en toedieningsmetode na te kom, mag ernstige gewasskade tot gevolg hê.
- Geen toediening (breedwerpig of gerig) moet gemaak word indien meganiese gewasskade deur beweging van spuitapparaat veroorsaak sal word, of indien haelskade voorkom nie.
- Moet nie bostaande tenkmengsel deur middel van 'n kousbalkspuit toedien nie.
- Daar moet ten minste 10 dae verloop tussen twee toedienings waar Mamba\* DMA 480 SL alleen na 'n tenkmengsel toegedien is.
- Moet nie mengsels wat **SURESTART®** bevat aan glifosaat verdraagsame mielies, wat met organofosfaat produkte behandel is, toedien nie. Moet geen organofosfaat produkte vir 6 weke na 'n **SURESTART®** toediening toedien nie.

## **SKOONMAAK VAN SPUIT**

Om daaropvolgende skade aan gewasse anders as mielies te vermy, moet alle residue van **SURESTART®** direk na toediening, deeglik vanuit die meng- en spuittoerusting verwyder word. Gaan soos volg te werk:

- a) Dreineer die spuitsisteam onmiddellik na bespuiting van gewas. Was enige kontaminasie van die buitekant van die tenk af met skoon water.
- b) Spoel die binneoppervlak van die tenk met skoon water. Spuit ten minste een tiende van die tenk se kapasiteit deur die pype en spuitpunte. Dreineer die tenk deeglik.
- c) Maak die tenk half vol met skoon water en voeg die korrekte hoeveelheid skoonmaakmiddel by. Vir elke 100 liter van die finale tenk volume, voeg 350 ml huishoudelike ammoniak (9.5 % ammoniak), in die water. (bv. in die geval van 'n 1 000 liter spuittenk, vul dit met 500 liter water en voeg 3.5 liter (=10 x 0.35 L) huishoudelike ammoniak by).  
Die oorspronklike mengsel, wat nou dubbel-sterkte is, moet deeglik geroer word en deur die pype en spuitpunte vir ongeveer 1 minuut gespoel word.

Voeg dan water by die oorblywende mengsel tot die tenk vol is. Laat hierdie mengsel 15 minute in die tenk staan terwyl roering plaasvind. Na die verloop van 15 minute, spuit weer deur die pype en spuitpunte. Dreineer die tenk deeglik.

- d) Verwyder spuitpunte en siwwe en plaas in 'n emmer wat 40 ml huishoudelike ammoniak per 10 liter water bevat.
- e) Spoel die tenk weer deeglik uit met skoon water. Spuit ten minste een tiende van die tenk se kapasiteit deur die pype en spuitpunte.
- f) Spuit alle spoelwater veilig weg. Moet nie op sensitiewe gewasse of op lande bedoel vir die plant van sensitiewe gewasse, spuit nie.

## Voorsorgmaatreëls met skoonmaak van spuit

- Moet nie die dampe van die skoonmaakmiddel inasem nie.
- Vermy kontak met oë en vel.
- In geval van kontak met oë en vel, spoel onmiddellik met genoegsame water en verkry mediese raad.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Hou skoonmaakmiddels slegs in die oorspronklike houers.

## **BERGING EN VERNIETIGING**

### Bergingstoestand

Berg weg van sonlig en vogtigheid, in oorspronklike houers wat dig toegemaak is, in 'n goed geventileerde area, weg van kos en voer agter slot en grendel. Vermy berging bo 35 °C.

### Produk -en houervernietiging

Moet nie die houers her-gebruik vir enige ander doel nie, veral nie vir die stoor van water, kos en voer nie.

Vernietiging van oortollige produk en leë houers moet geskied deur 'n industriële verbrandingsoond wat vir chemikalieë goedgekeur is. Moet dit nie begrawe of spuit op enige gebied wat onder landboukundige gebruik is nie. Leë houers moet deeglik met skoonwater uitgespoel word. Gooi hierna die spoeloplossing in die spuitenk.

### **Die volgende handelsmerke en registrasies onder Wet 36 van 1947 word erken:**

Silwet L-77®  
Break-Thru®

Reg No. L 6145  
Reg No. L 6764

Chemtura Chemical (Pty) Ltd  
Evonik Degussa Africa (Pty) Ltd

**Plaaslike noodnommer: +27(0)82-895-0621 (slegs SA)**  
**24 Uur nood Tel No: +32-3-575-5555**  
**Inligtingsnoodlyn: Tel No: +27(0)12 683-5700**

© Handelsmerke van Corteva Agriscience™ en sy geaffilieerde maatskappye.  
Alle ongemagtigde reproduksie van hierdie etiket word verbied.